MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

334 jaar van genade
1686—2020

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Jaargang 20: Nr 2: Tweede Semester 2020

# Hóé het ons sónder kerk kerkgehou?

Beide Moederkerk en Kruiskerk se deure en erediensruimtes was vir bykans ses maande gesluit, maar die kérk van Christus was inderdaad nie tóé nie. Om die waarheid te sê, ons ervaring was dat die grense van ons gemeente in dié tyd verder uitgekring het en dat die Rivier van Lewende Water op allerlei maniere bly vloei het en wýd vertak het.


Danksy die predikantespan, Zorada (orrelis), Phillip (kameraman) en Michal (klankman) kon ons van die eerste Sondag van inperking af met aanlyn eredienste begin. Aanvanklik is die eredienste reeds op 'n Woensdag opgeneem, en selfs by tye by die predikante se huise (ons kinders was soms agter die kamera). Phillip het dit dan verwerk en geredigeer, sodat dit klokslag op 'n Sondag om 9:30 op *YouTube* uitgesaai kon word. Dit het inderdaad vele uitdagings gebied, wat van almal aanpassings gevra het, maar ons is dankbaar dat ons op dié wyse die eredienste na lidmate se huise kon neem. Die gevolg was dat nie slegs gereelde erediensbywoners hierby ingeskakel het nie, maar ook oudlidmate van dwarsoor die wêreld en ook vriende van die gemeente, wat baie wyer strek as ons gemeente en, trouens, as ons land se grense.



Sedert September kon ons weer met die beperkte aantal van 50 lidmate in die kerk begin kerkhou en is die eredienste "lewendig" vanuit die kerkgebou uitgesaai. Ons is dankbaar dat al ons eredienste nou weer oop is en, alhoewel dit nog tot 250 persone

## Advent*

2020 was in baie opsigte sonder die vaste reëlmaat waarop elke jaar vantevore (ten minste in my leeftyd) verloop het. Ek het myself vanjaar gereeld in gesprekke bevind waar daar nie nood-wendig altyd sekerheid was oor die presiese dag, datum of waar ons veronderstel was om in die "gewone" kwartaaltyd te trek nie. Hierdie tendens het my herinner aan die bekende skildery van Salvador Dali getiteld "*The Persistance of Memory*" (of "*Melting Clocks*" soos dit ook bekend staan) waarin hy in sy tipiese surrealistiese styl gesmelte sakhorlosies uitbeeld. Die pandemie, grendeltyd en die ver-skillende vlakke van inperking het inderdaad spreekwoordelik horlosies gesmelt, ons be-kende ritmes onderbreek.



* *Advent kom van die Latynse woord* adventus.*wat "aankoms" beteken.* ***Red.***

*Beide artikels vervolg op 2*

**Kyk binne vir:**


Die Kerk se fondse 4


Honger! 5




Nuwe Afrikaanse Bybel 8, 11 & 15


Masandise Vreugde 7


Gemaskerde kerk 13


Grendelgrappies 14


UP oorleef Covid 18


Chippie leer baie 19

selfde is nie, met maskers en beperkte sang, is dit heerlik om weer sáám in die kerk te kan aanbid. In dié tyd het ons net diep onder die indruk gekom van die waarde van geloofsgemeenskap wees en gesamentlike aanbidding en die waarde van beide vir 'n mens se geloofsreis.

Ook van die eerste dag af het ons as gemeente ingeskakel by Stellenbosch Unite: met kosvoorrade, geld en fisiese hulp het Moederkerk lidmate as Rivier van Lewende Water saam met ander gelowiges en instansies in die dorp hoop aan armes gebring. Jan en Ruben het hierin 'n groot aandeel gehad en namens die gemeente hierin leiding geneem. Ook vanuit ons eie gemeente se fondse is R250 000 beskikbaar gestel as 'n Covid-fonds om nood in ons gemeente en gemeenskap te help verlig.

Ons aanlyn bediening het vinnig uitgebrei, met daaglikse Luister-meditasies wat vir lidmate elke dag help begelei in 'n 10-minutelange tyd van gebed en stilte. Daarmee saam het Marié 'n volledige Aanlyn *Retreat* op *YouTube* beskikbaar gestel en hierdie *retreat* is deur 'n groot aantal mense gevolg, weer eens wyer as ons gemeentegrense. Op Woensdae het Richard vir vyf weke "Grendelstories uit die Bybel" hanteer, wat in hierdie tyd 'n absolute bron van inligting en inspirasie was.

Troues en begrafnisse is in kleiner en persoonlike formaat hanteer. Die moeilikste was egter om goeie kontak en ondersteuning aan beide juigende én bedroefde lidmate te bied, maar daar is wonderlike getuienisse oor hoe vriende in die tyd mekaar gedra en ondersteun het. Miskien was dit juis 'n tyd waarin ons nuut geleer het om ook ander se nood raak te sien en te help waar moontlik.


By die studentebediening het Irénée en Angelique moeite gedoen om via *Zoom* met studente in kontak te bly en is groepsgesprekke weekliks gevoer. Ook al ons gemeente se vergaderings het op Zoom voortgegaan en ons werksaam-hede kon op die meeste vlakke baie goed bestuur word. Ons staan ook verstom oor hoe mense op vele vlakke die gemeente in hierdie tyd op allerlei wyses, ook finansieel, bly ondersteun en daarvoor is ons uiters dankbaar

Dit is inderdaad 'n tyd waarin ons dorp en gemeenskap, ons besighede en alle ander sektore baie diep geraak is. Ons as gemeente wil juis vir 'n tyd soos hierdie in die gemeenskap kérk wees en as entrepreneurs van hoop die Lewende Water van God se liefde oral laat vloei.

*Marié Britz*

Advent vervolg

'n Ritme wat egter nie deur die staat van inperking beïnvloed was nie, is dié van die kerkjaar. Die teoloog, Karl Rahner, het weliswaar 'n klein boekie met die naam, *The Eternal Year*, geskryf waarin hy iets probeer vasvang van die ritme van die kerkjaar wat altyd getrou voortgaan – ook nou, in





hierdie abnormale tye. Aanvanklik, met die intree van die grendelstaat, was ons in Lydenstyd, toe het Heilige Week aangebreek, daarna het Goeie Vrydag, Opstandingsondag, Pase, Pinkster, Hemelvaart en Koninkrykstyd gevolg.

Met die aanbreek van die seisoen van Advent betree ons as kerk die nuwe liturgiese jaar. Tydens hierdie vier weke, wat opbou na Kersfees, word ons opnuut voorberei vir die koms van Christus – in 'n nederige stal in Bethlehem, in ons alledaagse lewens, en ook op die wolke aan die einde van dae. Advent is 'n tyd waar ons leer – en in die erediens gevorm word – om met ons ganse, beliggaamde bestaan op God te wag en op die uitkyk te wees vir dáár waar die Woord vlees word, dáár waar Christus in ons midde verskyn. Mag Advent 2020 vir ons 'n seisoen wees waarin ons interne horlosies se hersetknop gedruk word en ons opnuut ingestel kan word om Immanuel, God met ons, raak te sien.

*Angelique Havenga*



*0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0*

# Grendel-dominees praat uit

*Gemeenteblad* het vir die dominees gevra hoe Covid-19 en die grendeltyd predikantwees verander het. Met 'n gesamentlike bedieningservaring van ongeveer 120 jaar, was ons predikantespan dit eens: "So iets het ons nog nooit beleef nie!" Johan van der Merwe het die vrae gevra en toe gesels hulle dat die biesies bewe!

**Johan**: As jy dink aan predikantwees in die grendeltyd, watter "vreemde" momente staan vir jou uit?

**Angelique**: Om met 'n kamera te gesels.

**Richard**: Ek wou juis nou die dag in die erediens die mense op *YouTube* verwelkom, en toe weet ek nie vir watter kamera ek moet kyk nie.

**Irénée**: O, wat definitief vreemd en soms komies was, was Kerkraadsvergaderings op Zoom. Mens kan duidelik sien as iemand verveeld is, of geamuseerd is. Dikwels vlieg daar *WhatsApp* boodskappies tydens die vergadering rond en dan sien mens net iemand het nou iets snaaks ontvang.

**Marie**: As 'n mens 'n opname maak en skielik roep die kameraman uit "*Cut, cut*, die battery is pap", of iemand stap per ongeluk tydens 'n opname in die kerk in en begin

kliphard praat. "O, *sorry*!" kom dit dan, maar dan's dit te laat en moet mens weer die drade optel en in die oomblik kom om verder op te neem. Dit moet só gebeur dat kontinuïteit nie verlore gaan nie. Die redigeerder moet tydens post-produksie die opname netjies aanmekaar kan plak.

**Johan**: Ja, toe ek die opname tydens harde grendeltyd in my tuin moes doen en aanmekaar ry daar 'n reuselorrie verby die huis. Toe het ons nog die opnames self gedoen en was dit 'n uitdaging om te onthou waar jy laas was, en weer daar te begin. Ek dink ek het 'n keer of wat my duidelik vervies vir die lorrie en ek is maar bly daardie materiaal het nie die eindproduk gehaal nie. Miskien moet ons 'n "*blooper reel*" saamstel – dit sal 'n "*hit*" wees!

**Marie**: Dit was moeilik om reeds op 'n Woensdag gereed te wees asof dit 'n Sondag is, want ons moes vroeg in die week al opneem. Maar aan die ander kant het ons toe as predikante ook "gewone" naweke gehad. Jy kon sonder spanning op 'n Saterdagaand braai.

**Jan**: En wat vir my baie spesiaal was, was om Sondae saam met my gesin die diens te ervaar, as ons saam gekyk het. Ons kon na die tyd lekker as gesin saam gesels. Dis natuurlik wel bietjie vreemd om vir jouself te sit en luister! Dit was wel ook op 'n ander manier spanningsvol, want jou gesin sê nie altyd net mooi goed oor jou preek nie!

**Johan**: Dit is so. Dis ook baie vreemd om eintlik in die "gehoor" van jou eie preek te sit. So asof jy vir jouself preek. Vir my was dit 'n diep ervaring, want ek moes telkens vir myself sit en vra: "Maar *doen* ek dit, of *sê* ek dit net maklik?" 'n Bekeringservaring tydens elke preek wat ek vir myself preek!

**Marie**: Dit het my wel ook gehelp om krities na myself te kyk en so bietjie te skaaf aan hoe ek praat en preek.

**Irénée**: Dit was ook interessant vir my dat dit vir my anders gevoel het om van die "huis" af te preek as in die kerk. Mens is mos baie gemaklik by die huis en tuis in jou eie omgewing. Dis of dit tog 'n invloed gehad het in hoe mens preek. Dalk meer gesels-styl?

**Jan**: Dalk kom mens sagter met jou woorde en bewegings oor. Iemand het selfs vir my gesê hy luister beter na my op die skerm as op die preekstoel.

**Marie**: Daarom is dit nou nogal moeilik om in die kerk terug te wees, maar tog ook in gedagte te moet hou dat die meeste mense inluister en nie in die kerkgebou is nie.

**Richard**: Mens wonder wel of mense nou in 'n "kies-kerk" styl beland het. Mense kan nou kies na wie hulle luister, en dis nie net hulle eie gemeente se predikante nie. Daar is 'n vryheid vir mense om te luister na wie hulle wil. Dit beïnvloed wel hoe ons die "gemeenskap van gelowiges" sien.

**Marie**: Ja, mens "*connect*" met 'n "*community*". Die standvastigheid vir baie mense was dat hulle juis "hulle" dominees hoor. Ons het ook daardie terugvoer oor die luister-meditasies gekry, dat dit gerusstellend was om Moederkerk se dominees se stemme te hoor en nie sommer enige stem nie. So mense kan seker maklik deurkliek na wat hulle as "beter" preke kon beskou, en tog is daar heelwat mense wat sê die verbintenis aan die gemeente en geloofsgemeenskap is vir hulle belangriker.

**Ruben**: Ons moenie die luistermeditasies se waarde onderskat nie. Dit was 'n daaglikse "*check-in*" vir baie mense en het dalk die kontinuïteit verskaf, wat dan in die eredienste versterk is.

**Angelique**: Die positief uit die grendeltyd vir my as "nuwe" lid van die span, was dat ek baie van die gevestigde lidmate kon leer ken. Die verbande het veral deur my betrokkenheid by die luistermeditasies gekom. My fokus is meer op die studente by Kruiskerk, en op hierdie manier kon ek deel van die "hele" gemeente word en voel, en nie slegs die studente nie.

**Richard**: 'n Ander "geleentheid" wat ek dink hom vir ons deur die loop van die grendeltyd voorgedoen het, is om mense in die buiteland deur ons internetbediening te kan bedien. Elkeen van ons het daardie terugvoer uit die buiteland van voormalige lidmate en vreemdelinge ontvang. Selfs heelwat pastorale gesprekke (oor epos of Zoom) het daaruit voortgevloei. Om 'n diens in Afrikaans en uit Stellenbosch te hoor was vir baie mense 'n lewenslyn. Iemand het vir my geskryf sy wens sy kan weer in Kerkstraat opstap kerk toe, al moes sy haar nou-net morsdood soek vir parkering!

**Marie**: 'n Lidmaat wat vir jare baie betrokke was terwyl sy hier was, skryf gister vir my uit Tsjeggië, waar sy nou werk, dat sy nader aan die gemeente voel as ooit tevore. Sy luister partykeer ons dienste sommer so terwyl sy op die trein daar ry.

**Johan**: Wat was dalk besonder moeilik?

**Marie**: Die moeilike was vir my dat 'n mens nie deurlopend met almal soos gewoonlik kon kontak hou nie, en dat jy doodgewoon net nie altyd van almal se seer en swaar gehoor het sodat jy betrokke kon raak nie. Dit was wel baie mooi om te sien hoe vriendskappe en buurmanskappe inskop en hoe mense mekaar dra en ondersteun. Ek moet wel op 'n positiewe noot ook sê dat ek nooit gedink het gesprekke oor Zoom gaan regtig werk nie. Maar tog, in baie opsigte het ek gevoel mense is rou eerliker as ooit tevore.

**Irénée**: Vir my was dit moeilik om te weet en te sien hoe swaar van die studente kry, maar ek kan nie net vir hulle sê "Kom ons gaan drink 'n koffietjie" nie. Waar ons wel gereelde Zoom gesprekke gehad het (bv ons preekbesprekings), stem ek saam, was mense baie eerlik en het die gesprekke groot diepte gehad.

**Jan**: Ons mansbybelstudiegroep het op Zoom bymekaargekom en dit was 'n wonderlike ondersteuning. Tegnologie het vir ons tog in hierdie tyd ongelooflik baie gehelp. Wanneer ons selfs net mense kon bel, kon mens ervaar hoe hulle dit waardeer en hoe éénsaam die wêreld vir hulle geword het. O ja, en ek moet noem dat ons selfs kursusse soos die huweliksvoorbereidingskursus op Zoom voortgesit het. Ek was verbaas oor hoe goed dit gewerk het.

**Johan**:Hoe het die grendeltyd ons gemeenskapsbediening deur Stellumthombo beïnvloed, Ruben?

**Ruben**: Daar was groot frustrasies want ons werk met ons eie vroeëkinderontwikkeling-programme en met ander instansies en kleuterskole wat daarmee werk. Die persepsie "As jy 'n kind skool toe stuur, stuur jy hom na sy dood" het alle werk in hierdie verband tot stilstand gebring en ons moes vir 'n ruk baie kreatief wees en op ander inisiatiewe fokus. Die groter bekommernis wat ons nou het, is die rimpeleffek. Kinders het agterstande opgebou en 'n mens wonder of die kinders hierdie gapings sou kon oorbrug om nie nog die gevolge hiervan oor 'n paar jaar nog te voel nie. Verder moet ek net noem dat die rol wat die burgerlike samelewing gespeel het en hoe kerke, sakesektor, Universiteit, munisipaliteit bymekaar gekom het, was werklik merkwaardig.

**Jan**: Op 'n gemeenskapsvlak was dit inderdaad wonderlik om as 'n rolspeler in "*Stellenbosch Unite*" deel te hê. Dit was goed dat die kerk nie alleen die kitaar geslaan het nie, maar 'n diensbare rol kon vervul, as déél van die gemeenskap.

**Johan**: So, in kort lyk dit my, was grendeltyd vir ons 'n ryk geskakeerde ervaring, vol frustrasies maar ook nuwe geleenthede. Ons sal ons vinger spreekwoordelik op die Here se pols moet hou om te sien en te verstaan hóé om verder kerk te wees soos wat die mensdom 'n post-Covid wêreld begin verbeel en vir ons bly vra na hoe ons ***Rivier van Lewende Water*** kan wees.

PERSOONLIKE *RETREATS*

# *’n Tyd om na God te luister*



Elke mens het ’n integrale sin vir spiritualiteit (sy/hy is ***Homo Spiritualis***) en ’n behoefte om met die God wat ons geskape het met hierdie spirituele bewustheid in aanraking te kom. Die 21ste eeu se leefstyl lei ons egter om hierdie noodsaaklike spirituele bewustheid te ontken en vervang ons diepe verlange na God met verskeie afleidings. Ons samelewing, met sy materialisme, gejaagdheid, sekularisme, verbruikerswese en al sy ander mensgemaakte aantreklikhede, verdiep net hierdie gaping tussen Skepper en geskapene. Selfs in die kerk is daar baie mensgemaakte afleidings wat ons van tyd tot tyd verhoed om maniere te vind om die gaping te oorbrug. Hierdie afleidings kan nie die godgegewe gaping vul wat slegs deur ’n spirituele verbinding met God gevul kan word nie. ’n Kort definisie van die begrip van die woord “*retreat*” is die volgende: *’n Tyd van afgesonderdheid en stilte met die doel om mens se verhouding met God te verdiep.*

Tydens so ’n naweek-*retreat* is die fokus dus elke persoon se eie verhouding en reis met die Here. In stilte, afsondering en eenvoud kry elke individu die geleentheid om met behulp van gebedsriglyne in gesprek met die Here stil te word. Daar is ruim tyd vir stap, rus en dieper luister na God in die natuur, die Woord en diep in jou eie hart.

Die Stillebosch *Retreat*-plaas op Anathoth in die Bottelaryheuwels is ’n ideale plek waar ons gemeentelede elke kwartaal so ’n *retreat* kan bywoon. Stillebosch *Retreat*-plaas is tussen die Stellenbosch Wynlande van Groenland en Kaapzicht geleë. Aan die een kant lê Tafelberg en Kaapstad se liggies in die aande en, aan die anderkant, die Bolandse berge en Bottelaryheuwels.

Die *retreat*-plaas se missie is om ’n fasiliteit te wees waar mense deur stilte, afgesonderdheid en eenvoud in die natuur hierdie diep spirituele honger na God kan herontdek. Die doelwit is om hul verhoudings met God, hulself en die mens en wêreld om hulle te hernu en te herstel. *Marié Britz*

**’n Lidmaat vertel:**:

“Ek het al drie *retreats* by Stillebosch *Retreat*-plaas bygewoon. Ek kan my lewe daarsonder nie meer indink nie. Die ervaring van ‘*pause’* die wêreld en ‘*notice’* God, is iets wat ek ten sterkste vir elke kind van God sal aanbeveel. God se teenwoordigheid word selde so diep ervaar as wanneer jy jouself uit die wêreld haal en, in stilte, jou fokus slegs op God hou. Ek is weer eens oor-rompel deur die magdom van wyses waarop God dan met my praat, en kan Thomas Merton se woorde ‘*Silence is God’s first language and everything else is a bad translation*’ absoluut beaam.



“As jy jou siel op ’n díép blýwende wyse wil voed en op ’n dieper vlak met God wil ‘*connect’*, gaan op ’n *retreat* by Stillebosch *Retreat*-plaas! Die waarde en krag van die *s*-woorde ‘*silence, solitude, stillness, simplicity, slowly*’ sal jou laat weggaan met ’n nuwe begrip van ‘die vrede wat alle verstand te bowe gaan’ (*Filippense* 4:7). En jy wil teruggaan, oor en oor, om die ‘wees stil en weet’ van *Psalm* 46:10 te ervaar.”

DIE VOORSITTER VAN DIE FINANSIëLE BEDIENING BERIG:

# Moederkerk se finansies in die tyd van Covid 19

Toe Moederkerk en Kruiskerk hul begrotings in Februarie vanjaar opgestel het, was die Covid-pandemie nog beswaarlik op die radarskerm in Suid-Afrika. Min het ons geweet watter dramatiese impak dit op die lewens van gemeentelede sou hê en hoe dit die werksaamhede en finansies van beide kerke sou beïnvloed.

Wat Moederkerk en Kruiskerk betref, is ons werklik oorweldig deur die wonderlike reaksie van gemeentelede, sowel as van persone van dwarsoor die wêreld wat op ons virtuele uitsendings inskakel. Gereelde bydraes het by wyse van elektroniese oordragte en Snapscan ingestroom – soveel so dat ons by die halfpadmerk van ons begroting reeds 7% meer as die begrote bedrag ingesamel het! Aan die ander kant van die munt het Moederkerk oor die jare ’n aandeleportefeulje opgebou om vir die spreekwoordelike reëndag te voorsien. Ongelukkig was daar ’n sterk daling in die dividend-inkomste van hierdie portefeulje. Wat uitgawes betref, is ons gemaklik binne die begroting, danksy versigtige finansiële bestuur. Alles in ag genome, is ek dankbaar om te kan berig dat Moederkerk en Kruiskerk ten spyte van die Covid-pandemie tot op hede in ’n gesonde finansiële posisie verkeer. Alles gaan egter daarvan afhang of ons ons jaarlikse dankoffer-doelwit van R2.4 miljoen gaan bereik. Tans staan ons by die halfpad-merk (einde Oktober).

Moederkerk is in die bevoorregte posisie dat ons in 2017 en 2019 twee erflatings van R1 miljoen elk ontvang het. Ons is dankbaar vir die lewens en liefderyke sorgsaamheid van hierdie oorledenes wie se goeie werke deur middel van hierdie bemakings steeds voortleef. Die kerkraad het besluit om ’n gedeelte van hierdie fondse as ’n spesiale Covid-fonds beskikbaar te stel om gemeentelede in nood te help, sowel as om bydraes aan die VGK Idasvallei, Cloetesville en Khayamandi te maak om die nood in hul gemeenskappe te help verlig.

Ek is intens daarvan bewus dat talle gemeentelede tans finansieel swaar trek, maar ek wil tog graag versoek dat almal die volgende twee versoeke biddend sal oorweeg:

- Om ’n bydrae as jaarlikse dankoffer te maak (as jy dit nie alreeds gedoen het nie);
- Om dit verder te oorweeg om ’n bedrag in jou testament vir Moederkerk na te laat.


*Niel Krige*
*Voorsitter,*
*Finansiële*
*Bediening.*

Dra gerus per Snapscan by

INTERNASIONALE STUDENTE-BEDIENING

# Ná aankoms in Suid-Afrika, *afsondering*!

Stellenbosch International Fellowship



Bo-op Paarlrots

Die Goosens rol 'n klip uit die pad van menige studente uit die vreemde

Internasionale studente het tydens die grendeltyd baie ondersteuning nodig gehad. Tydens die globale krisis het baie ervaar dat hul wêreld omgekeer is. Die kansellering van die Maart-gradeplegtigheid was 'n groot teleurstelling vir diegene wat hul doktorsgrade sou ontvang. Baie het reeds beplan om hul gesin vir dié spesiale geleentheid Stellenbosch toe te bring.

'n Aantal nuwe studente het twee weke voor die grendeltyd in Suid-Afrika aangekom. Die kampus is gesluit en hulle moes alleen in hul kamer in 'n vreemde land sit. Dit het 'n geweldige gevoel van eensaamheid en isolasie geskep. Ons het met sulke studente met die verslapping van die grendeltyd in die natuur begin stap. Dit het die geleentheid gebied vir studente om hul gevoelens van verlies te deel.

Fisiese kontak moes, met die tydelike kansellering van die internasionale erediens, geheel en al ontbeer word. Sosiale media is benut om die gevoel van *koinonia* te behou. Bybelstudiesessies en die Internasionale erediens het deur die internet aanlyn plaasgevind.

Baie was besorg oor hul families in die buiteland en oor die toekoms. Sommige het begin wonder hoekom God, wat almagtig is, dan lyding toelaat. Ek het 'n *blog* geskep om studente te bemoedig en om hul lewensvrae aan te spreek.

Alle mense het behoefte daaraan om êrens binne 'n gemeenskap te behoort. Staptogte is in die Bolandse berge en op Tafelberg langs gereël. Die geleenthede is goed deur studente uit geslote lande, wat nie na die erediens sal wil kom nie, bygewoon. Die veldblomme in die Weskus Nasionale Park was baie gewild.

In Oktober het 'n naweek op 'n plaas in Bonnievale vir vele studente heelwat beteken. Die samesyn, stap en op die rivier met kano's roei, was besonder betekenisvol. Die naweek is deur talle studente uit baie geslote lande bygewoon. Ek het een sessie, oor die hantering van verlies tydens Covid-19, aan die studente, wat in klein groepe ingedeel is, aangebied.

Baie studente was tydens die pandemie meer ontvanklik vir die evangelie. Dankie aan donateurs en voorbidders wat die geloofsbediening moontlik maak!

*Jurie en Magdaleen Goosen*



Wiskunde en Fisika PhD-studente, Dinah en Hosanna uit Madagaskar, geniet Jonkerhoek saam met Magdaleen. Hosanna is ook lid van die Libertaskoor



Sneeu-besigtigers: Magdaleen saam met Dr Pascal en sy gesin uit Rwanda

## *Lucifer kort hulp*

Internasionale studente benodig soms net eenvoudige raad met hul aanpassing op Stellenbosch. Soms kies studente van Sjina 'n Westerse naam vir beter kommunikasie. Een student het van 'n gewese engel van lig gehoor en het die naam, " Lucifer" gekies. Dit het tot baie reaksies van skok gelei. Ons moes verduidelik dat dit *nie* 'n gepaste naam is nie en eintlik na die Satan verwys. Hy het toe maar 'n ander naam gekies.

*Jurie*



**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Wynand Nel
Johan van der Merwe
Angelique Havenga

SINCE 1994 FEEDING IN ACTION VOEDINGSAKSIE STELLENBOSCH

# Grendeltyd en daarna: Hoe is die Groot Honger bestry?



2020 is ’n jaar wat ons almal sal onthou – iedereen op sy eie manier! Ek het in dié tyd ervaar dat ons almal in dieselfde storm was, maar nie almal noodwendig in dieselfde bootjie was nie… Vir baie was en is dit steeds ’n intense tyd van “Groot nood” hetsy emosioneel of materieel.

By Stellenbosch Voedingsaksie het die “Covid-19 Pandemie” ons oornag in ’n nuwe stelsel gedompel, toe die Vlak-5 inperking op Donderdag, 26 Maart 2020 begin. In baie opsigte was die grendeltyd as gevolg van nuwe reëls wat gegeld het, ’n totale omwenteling wat ons normale operasionele aktiwiteite betref. Ons moes besluite neem soos hoe om kos te bedien, sonder om ’n samedromming te veroorsaak,. Die pandemie het ook tot gevolg gehad dat baie van ons normale aktiwiteite by ons voedingspunte voorlopig eers gestaak moes word.

Skole, crèches en nasorgsentrums het tydelik tot stilstand gekom, maar die kinders en families moes dringend kos kry. Al die nie-winsgewende organisasies het by voedselsekuriteit begin inskakel en vir ’n paar weke het ons ’n veel duurder kospakkiestelsel bedryf. Ons het kospakkies vir al die organisasies wat aan die “Scan Netwerk” behoort, help beplan, voorrade aangekoop wat dan by ons perseel met die hulp van vrywilligers gepak is. Daarna is dit deur die onderskeie organisasies by ons afgehaal en aan hul begunstigdes verskaf. Ons het ook kospakkies na ons eie afsetpunte versprei. Omdat ons oor die jare heen die infrastruktuur met voeding by tans meer as 45 voedingspunte opgebou het, kon ons uiteraard ’n sterk ondersteunende rol in die pandemie speel.

Ons was nie seker tot watter vlakke die nood sou toeneem nie, maar ons het probeer om so verantwoordelik moontlik te werk te gaan, sodat ons ’n volhoubare diens aan die behoeftige gemeenskap kon bly lewer. Tydens die grendeltyd moes SVA noodgedwonge nuwe voedingspunte aan boord neem, soos daar nuwe areas van behoefte geïdentifiseer is. In die proses is ook nuwe verhoudings met verskeie gemeenskappe gebou. Die impak van die nood was baie omvangryk; verskeie ondernemings het gesluit, wat groter werkloosheid tot gevolg gehad het. Die behoefte aan steun met voeding was dus orals soveel groter. Tydelike voedingspunte wat tot stand gekom het, het gevolglik ondersteuning vir ’n veel langer tydperk benodig. Die werk van Voedingsaksie het in gebiede soos Kayamandi, Klapmuts, Kylemore, Lanquedoc en Vlottenburg heelwat uitgebrei.

Gedurende die grendeltyd het ons nuwe persone as vrywilligers leer ken en ook as wonderlike donateurs sonder wie die werk nie moontlik sou wees nie. Ons kan getuig dat die mense oor die algemeen baie dankbaar was oor kosvoorraad en hulp. As ’n versoek aan ons gerig is, dink ek altyd aan die Skrif wat sê dat as dit in ons vermoë is om te help en ons dit nie doen nie... hoe kan die liefde van God in ons bly? ’n Belangrike rol wat ons almal speel, is om brûe tussen mense en gemeenskappe te bou deur nuwe hoop te bring deur die diens wat ons verrig. Dit is veral belangrik in ’n onseker tyd soos hierdie.

’n Hoogtepunt wat in hierdie tyd uitstaan, is mense wat hulle harte vir ander oopmaak en wat bereid is om te gee… hetsy finansieel, deur voorrade of met hul tyd. Só vorm ons almal deel van God se groot ondersteuningsnetwerk om Sy liefde en genade in ’n gebroke wêreld uit te leef.

**Liesel Koen (Projekbestuurder)**
voedingsaksie@telkomsa.net
















**KLEINGROEPE IN 2020**

# Ontredderd? *Nee*!



'n Paar van die kleingroeplede van die Jong Volwassenes wat as kleingroepsamekoms tydens die grendeltydperk die bergpad gaan stap het.

*Hoe het kleingroepe in 2020 steeds "groep" gebly? Ons het hierdie vraag aan 'n paar kleingroeplede gestel en hierdie was hulle antwoorde:*

"Deur altyd mekaar te behandel met liefde, omgee en vriendelikheid het die kleingroep mekaar gedra deur 'n moeilike tydperk in 2020." *Angelique Bester*

"Toe dit moontlik was om weer in persoon te ontmoet, het ons kleingroep verskeie geleenthede geskep om weer bymekaar te kom en te hoor hoe dit met elkeen gaan. Die rustig gesels en omgee vir mekaar het vir my gewys dat ek deel is van 'n eenheid." *Jurie Venter*

"Al het ons nie as sodanig kleingroepsessies gehou nie, was daar 'n konstante ondersteuning van die groep met 'opvangsessies,' wat vir almal nodig was." *Maruschka Piper*

"Ek het dit waardeer dat mens deur hierdie tyd die vrymoedigheid kon hê om boodskappe aan lede van die groep te stuur en te weet dat *omgee* die kern van die groep bly. Die kere toe ons weer as groep buite bymekaar kon kom, het vir elkeen ná 'n tyd van inperking baie beteken." *Ellené Kleyn*

"Die omgee vir mekaar, wat daartoe bygedra het dat ons moeite doen om met mekaar in kontak te bly." *Delene Nel*

"Die aanlyn samekomste het dit vir ons moontlik gemaak om die groep te vergroot en ook ander groepe en mense by ons gesprekke in te nooi." *Werner Hurter*

"Deur middel van ons *Whatsapp* 'groep'. Ons *Whatsapp* groep was nooit werklik 'afgesonder' nie en het mekaar só ondersteun." *Karien Joubert*

*Saamgestel deur Angelique Havenga*

**DIE STRATEGIESE BESTUUR VAN STELLUMTHOMBO:**

# Is 'n onderneming sonder winsbejag 'n "besigheid"?

Ruben Scheepers
Managing Director
0723455683
ruben@stellumthombo.co.za
www.stellumthombo.co.za
STELLUMTHOMBO

Soos almal hopelik teen hierdie tyd weet, het Stellumthombo se strategie die afgelope paar jaar heelwat verander. Ons het van 'n bediening gefokus op haweloosheid, na versorging van laerskool kinders oorgegaan tot waar ons nou is, 'n instansie wat met vroeëkinderontwikkeling gemoeid is. Julle mag julself en ons dalk afvra, hoekom? Daarby het gekom die Redaksie van die *Gemeenteblad* se vraag: "*Is 'n Non-Profit Company (NPO) / Non-profit Organisation '(NPO) n 'besigheid'* "?

Ek wil hierdie verandering in strategie sommer gebruik om te verduidelik hoekom my antwoord op die vraag of 'n NPC/NPO 'n besigheid is, 'n baie sterk "*JA!"* is. My berig gaan eerstens oor hoe dit verskil van die tradisionele verstaan van "besigheid", en tweedens oor hoe besigheidsbeginsels en 'n entrepreneuries-gerigte benadering ons gebring het tot waar ons vandag is.

*Investopedia* definieer "besigheid" as "georganiseerde pogings en aktiwiteite van individue om goedere en dienste vir wins te produseer en te verkoop." Hieruit kan ons aflei: die grootste uitkomste wat 'n besigheid najaag, is om die "*bottom line*" (wins) te laat groei. Die waarheid is dat vir NPO's gaan dit ook oor die "*bottom line*" of opbrengste op belegging, maar in plaas van geldelike wins, is die gewenste opbrengste vir NPO's hulle impak op die samelewing.

Dit was uit dié oogpunt dat ons by Stellumthombo die vraag gevra het hoe ons die grootste volhoubare impak in die gemeenskap om Stellenbosch kan maak met die beperkte hulpbronne wat ons het. Om dit te doen, het ons 'n entrepreneurshoed opgesit en krities teruggekyk na al ons projekte en die benaderings tot gemeenskaps-ontwikkeling wat ons die afgelope 15 jaar gevolg het. Ons het alle ingrypings in menselewens as eksperimente beskou en gekyk na die data wat ons op ons databasis gehou het oor watter suksesvol was, en, indien nie, wat ons daaruit kon leer om ons in die toekoms te help. Dit was hieruit dat ons besef het dat ons opbrengs werklik nie goed genoeg is nie, en dan moet ons soos enige besig-heid "*pivot*," dit wil sê, draai en 'n nuwe rigting moet inslaan om ons impak op menselewens so groot as moontlik te maak.

*Ruben Scheepers, Besturende Direkteur*

Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2021 word reeds met dank ontvang.

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *BecomingKids / Masandise studiehulp***

**Stellumthombo**
SnapScan

*Omdat Stellumthombo 'n onderneming sonder winsbejag is, is dit volgens Artikel 18(a) van die Grondwet belastingvry. Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde: Marianne@moederkerk.co.za*

## SE NUWE KLEM OP VROEëKINDERONTWIKKELING:

# Covid het verdere aanpassings meegebring

Terwyl ek hierdie beriggie skryf, sit ons in afwagting om te hoor of die president ’n tweede grendelperiode gaan instel. Die Vroeëkinderontwikkeling-(VKO)sektor (algemeen bekend as *Early Childhood Development,* oftewel *ECD*) sukkel om na die vorige grendeltyd op te staan. ’n Tweede grendelperiode sal die finale doodskoot vir baie kinders se toekoms wees.

Die eerste ses jaar van ’n kind se lewe is ongelooflik sensitief vir brein-ontwikkeling, waar goeie ingryping die verskil kan beteken tussen iemand wat op straat eindig of iemand wat in die ekonomiese sektor geïntegreerd is. Dit is daarom dat ons werklik diep oor die huidige situasie in ons land bekommerd is. Voor die grendeltyd het 47% van kinders toegang gehad tot VKO-intervensie en in Julie-Augustus vanjaar het dit tot 13 % gedaal. Ons wonder wat dit beteken vir die volgende generasie van Suid Afrikaners, dié jongmense wat ons hoop die land kan optel en die toekoms kan indra.



Sertifikaatoorhandiging aan VKO (ECD) skoolhoofde en personeel wat ons opleidingsessies bygewoon het

Hierdie is die vrae waarmee ons by Stellumthombo sit, waar ons wonder hoe en wat kan ons doen om die gate in die sisteem te probeer toestop. Stellumthombo poog dat méér kinders in die Stellenbosch-omgewing toegang tot VKO intervensie, wat hulle toekoms kan ontstluit, kan kry.

Stellumthombo help VKO-sentrums om hul kapasiteit uit te brei sodat hulle kan opstaan uit die as van die grendeltydperk en kan voortgaan om ’n veilige leer-omgewing vir ons kinders te bied. Ons is tans ook besig om buite-klaskamers by skole op te rig, om veilige leerruimtes te skep, waar kinders kan leer, asook ouers gerus kan stel dat dit veilig is om hul kinders terug te stuur skool toe.

As jy wil met ons wil saamdroom of uitvind hoe ons te werk gaan, kom maak ’n draai by ons kantoor in die Khaya (langs die Kruiskerk.)




*Arina Scheepers*
*arina@stellumthombo.co.za*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## AFRIKAANSE MEDIUMBYBEL

2020-VERTALING

**BEKENDSTELLING VAN DIE NUWE VERTALING IN AFRIKAANS**

**PRODUKKENMERKE**


- Volledige Bybel
- Mediumgrootte
- Swart / Bruin hardeband / luukse-leeruitgawe
- Voorwoord, kruisverwysings, voet-note, verantwoording, woordelys en kaarte
- Drie weergawes

***Vir meer inligting, sien bl 11 hieronder***




bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

***Mediumgrootte Bybels: Variante:***








**2020 Bybels: bestel by: orders@booksite.co.za**

MASANDISE VERANDER LEWENS

# Van R400 na R14 000 in één maand!



Sibusiso ('n skuilnaam) is baie lief vir sokker. Hy was bekend as sy span se doelskieter. Een van die Masandise Studiehulp mentors het by geleentheid die sokker in Kayamandi gaan kyk. Eendag vra sy vir die span: "Weet julle daar's 'n lewe ná sokker?" Verskeie spanlede het toe met Masandise se ondersteuning vir verskillende kursusse ingeskryf. Party het volstaan met rekenaaropleiding, maar Sibusiso het moedig voortgegaan en in 2015 by die Universiteit van Wes-Kaap vir 'n vyfjarige graadkursus in Maatskaplike Werk begin studeer.

Einde 2019 behaal Sibusiso sy graad, sonder om eenkeer 'n vak te hoef herhaal, en met verskeie onderskeidings, Hy moes toe al lankal vanweë studiedruk sy geliefde sokker laat vaar. En toe sit hy vir agt maande sonder werk.

Masanise het hom steeds met 'n klein stipendium ondersteun terwyl hy in die grendeltyd na werk soek. Van begin September af is dié toelagie na R400 per maand verlaag, omdat Masandise se fondse tans gevaarlik laag is.

Op 9 September hoor Sibusiso dat hy as maatskaplike werker by Stellensorg (voorheen Kindersorg) in Kayamandi aangestel is. Hy begin met 'n salaris van R16 000 per maand; na aftrekkings, hou hy R14 000 oor. Binne drie maande sal Sibusiso 'n bedrag gelykstaande aan alles wat Masandise oor vyf jaat en agt maande aan hom bestee het, self kan verdien.


En Sibusiso het naweke nou weer tyd vir sokker! Ons prys die Here vir ons skenkers! A v W


---


## Grafiese voorstellings uit Masandise se Jaarverslag 2020


(In Engels saamgestel ter wille van oorsese skenkers )

**Statistiek**: Marida van der Merwe
**Grafika**: Jana Lamprecht



'n VERLORE JAAR?

# Tendense in studente se denke: wat verwag hulle vir 2021?

Studentelewe op Stellenbosch is sinoniem met vryheid, vriendskappe en klasdraf. Inperking in 2020 het behoorlik 'n stok in die wiel van hierdie ervarings kom druk. Die meeste studente was weer terug in die huis en moes opnuut inval by die ritmes van hul gesin. Ander was weer totaal afgesonder en alleen in hul woonplek. Alhoewel tegnologie hul gehelp het om uit te reik na mekaar, het hul (soos die meeste van ons) *digital fatigue* begin beleef. Soos een van ons studente in Kruiskerk opgemerk het: "Dis moeilik om oor 'n afstand lief te hê..." Daar is geen plaasvervanger vir *in-die-oomblik-studentwees-op-kampus* nie! As jy in gedagte hou dat die meeste studente nie langer as vier jaar hier is nie, besef jy ook iets van die verlies wat hulle beleef het – skielik is een jaar net 'verlore'. Ten spyte hiervan, gee dit 'n mens hoop om te hoor wat hul vooruitsig is vir die jaar wat voorlê. *Irénée*

**Christine Venter:**



"Die meeste van ons het 'n propvol kalender vir 2020 gehad, en, om die minste te sê, ons verwagtinge vir die jaar was hoog. Die lewe werk nie altyd uit soos wat ons dit beplan nie en noudat ons aan die einde van hierdie deurmekaar jaar staan, kan ek net nie help om weer te hoop, te beplan en te verwag nie. Dit is vir my 'n vreugde om te weet dat daar altyd hoop is, al is dit nie die hoop wat ons verwag het nie. Ek is dankbaar vir die klein dinge wat hoop in 2020 gebring het en ek is opgewonde om te weet 2021 gaan ander, nuwe hoop bring."

**Annika Behrens:**



"Na 'n jaar soos 2020 met al sy uitdagings voel dit vir my asof ek reg is vir amper enigiets. Tog gaan 2021 aanbreek met nuwe dinge en nuwe uitdagings. Die belangrikste is egter hóé 'n mens daarop reageer. In moeiliker tye benodig 'n mens meer as enigiets jou geliefdes—en natuurlik ons Vader, Vriend, Redder... God. Ek sien uit om in die nuwe jaar weer vir Kruiskerk in sy element te beleef, 'n goeie *pulp-popcorn* ondersteuner te wees en graad te vang. Die jaar was dalk uitdagend, maar onthou altyd: as jy sewe keer val, staan maar agt keer op."

**Michal Venter:**

"2021? Opgewonde. My meestersgraadstudies maak klaar; ek sien dus uit na 'n besige jaar wat voorlê; die onsekerheid wat daarop volg, maak my nie bang nie, want ek weet ek stap 'n pad wat vir my uitgelê is. 2021 staan voor my as 'n uitdaging om méér te werk en méér te vertrou."



**Jané Janse van Rensburg:**

"2020 het my geleer dat dinge nie altyd volgens jou verwagtinge verloop nie. Ek het daarom nie eintlik enige verwagtinge vir 2021 nie, slegs hoop. Ek hoop dat die nuwe lewensjaar vir almal meer voorspoed en vreugde sal inhou en dat ons as 'n geloofs-gemeenskap die geleentheid sal kry om die Here se liefde uit te straal en sy wil uit te voer, sonder die teenwoordigheid van *tannie Rona.*"



AUGUST BASSON VERTEL

# Die Lewende Water vloei steeds in Afrika in



Nou wat sê 'n mens van 2020? Die pad was maar vol sinkplaat, slaggate, opdraandes en draaie. Die einde van die jaar is in sig en op die een of ander manier durf ons 2021 aan. Wonder wat lê anderkant 31 Desember?

Die afgelope vyf jaar was onsekerheid heeltyd met ons. Ons het nooit geweet of ons op die plaas gaan aanbly nie. Gelukkig het dit nou tot 'n einde gekom. Hier is so 'n kykie in ons lewens. As familie het ons tot 'n vergelyk gekom dat my broer die plaas in sy geheel neem en ek word uitbetaal.

En so begin die groot soek na 'n stukkie grond vir ons. Willem en Marnette is goeie vriende hier van Steytlerville en hulle het help soek. Uiteindelik kry ons 'n plasie in Ladismith (Wes-Kaap) wat kan werk. Na baie gesprekke en ritte na Ladismith, vra Willem my een dag of hulle dalk saam met ons kan koop.

En so glo ons dat hier 'n groter legkaart is wat aanmekaar gesit word. Vir my het dit gevoel of ek by 'n kruispad staan. My werk as mobiliseerder onder Africa Inland Mission, of die boerdery? Gelukkig hoef ek nie meer te kies nie. Willem word minister van landbou, Marnette is minister van administrasie, Anita is minister van hondeteling en ek kan (as minister van buitelandse sake?) met my werk aangaan. Vir ons was dit soos onverwagte reën in die dorre Karoo.

Met Covid-19 in die lug, moes my werk heeltemal anders benader word. Ons sukkel nou al agt maande om een van my jongmense uit Lesotho tot in Kenia te kry. Dit lyk darem of die einde in sig is en Neo behoort hierdie maand te kan vlieg. Met al die jongmense in ander lande wat ek menteer, is elektroniese kommunikasie die enigste manier om hulle aan die gang te hou. Ons spanne mense is lamgelê en kan nie tans oor grense skuif nie.

- In 'n neutedop lyk my werk min of meer soos volg:
- Ons is reeds 28 jaar deel van Africa Inland Mission en dit bly onveranderd.
- Ek mobiliseer en lei jongmense op om sendelinge in verskeie Afrika lande te word. Ek fokus dan ook hoofsaaklik op ons jongmense uit die suidelike Afrika lande hiervoor.
- Ons gebruik nog steeds landbou as voertuig om mense in die sending in te kry. Die beginsel bly: gaan woon en werk in 'n afgeleë plek, maar tussen mense. Gaan boer saam met die mense. Wen vertroue en stel mense so voor aan Christus. (Groot tente en luidsprekerstelsels is verbode!)
- My werk in Lesotho gaan voort. Ek lei nog mense daar op. Gaan besoek gerus: www.growingnations.co.za
- Dan vervul ek 'n mentorrol in verskeie mense se lewens: sommiges is leiers in ons organisasie, maar hoofsaaklik bedien ek sendelinge en ander mense van raad oor hoe om landbou as bedieningsplatform te gebruik.
- Ons gaan ook die plaas aanwend as plek om mense op te lei en toe te rus, net soos wat ons by Growing Nations gedoen het. Ons hoop dus om meer mense vir opleiding in te trek.
- Laastens help ek Africa Inland Mission om te worstel met vernuwing en oor hoe ons 'n ou organisasie kan verander en dit meer relevant vir vandag kan maak.

*So glo ons saam met julle dat Strome van Lewende water in Afrika in vloei.*

## Internasionale Bybelvertaling — Gods Woord vir 'n wêreld in nood

November 2020

Hans Combrink skryf

Kersfees 2019 met Lucia op besoek. **Vlnr:** Hans, Danielle, Anna-Sophia, Patricia, Lucia, Bernard. **Regs:** Char by Cape Crusade Coffee





Wat 'n jaar was dit nie! Die eerste 2 maande van die jaar was "normaal" — ons het gewerk, gereis, afsprake nagekom, skool en universiteit toe gegaan, gesport en gespeel; en toe verander alles eensklaps met COVID-19! In 'n oogwink het ons lewens en wêreld met 'n handomkeer verander. Ná ses maande van grendeltyd, is ons dankbaar dat dinge nou weer na "normaal" begin terugkeer, maar probeer sekere prioriteite uit grendeltyd met mag en mening beskerm! Ons is dankbaar vir die goeie reën wat tijdens die wintermaande in die Wes-Kaap geval het, maar na 'n nat en koue winter begin ons nou uitsien na die somer wat kom!

Ons is almal deeglik bewus van die wye impak van die pandemie en die talle praktiese beperkings op vertaalspanne wêreldwyd oor die afgelope maande. In hierdie seisoen waartydens baie van ons dmv virtuele kommunikasiemiddele werk, is Hans bevoorreg om betrokke te wees by die ontwikkeling van die Digital Training Library (DTL), 'n vennootskap tussen die 10 Every Tribe Every Nation (ETEN) organisasies om relevante digitale materiaal te ontwikkel vir die opleiding van vertalers om hulle in staat te stel om die Bybel met kundigheid te vertaal. Die DTL word in samewerking met Fuller Theological Seminary in die VSA ontwikkel.

Ons is dankbaar dat Patricia vanjaar aangestel is in 'n aflos onderwyspos by Rhenish Laerskool, ten spyte van die uitdagings wat grendeltyd vir onderwysers ingehou het! Sy het onlangs gehoor dat Rhenish haar voltyds vir 2021 aanstel! Lucia gaan voort met navorsing vir haar meestersgraad in die VSA, en dit is heerlik om Charlotte weer tuis te hê nadat sy haar 4-jaar graad in Godsdienskunde in die VSA voltooi het. Sy het begin September by *Cape Crusade Coffee* begin werk, maar beplan om nog verder te studeer. Danielle moet haar tweedejaar mediese studies tuis afhandel aangesien Tygerberg nog riskant bly met COVID pasiënte. Bernard probeer die beste maak van dit wat oorbly van sy Matriekjaar en skryf nou Matriek eksamen, en Anna-Sophia geniet graad 6, klavier, en kitaar en sport!

# Die Lewende Water stroom wyd

## Gestuurdes na Afrikalande

## Bybelvertaling wêreldwyd, ook (weer) in Suid-Afrika

## Japan-sending



Stephan van der Watt vertel van 'n onlangse besoek aan die Shinto temple *Fushimi Inari Taisha,* by Kyoto in Japan, wat reeds in 711 n.C. gebou is. Die beskermgodheid hier word vereer vir beskerming van suksesvolle sakemanne en vreedsame huishoudings. Die kenmerkende oranje kleur van suile en gange is veronderstel om bose geeste weg te hou. Stephan glo eerder aan die krag van *Kol.* 1: 15-20. Bid asseblief vir hom en sy gesin in onsekere tye.

**bybelgenootskap** van suid-afrika

**stel die nuwe Bybelvertaling vry.**
**Vir verdere inligting, sien hierbo, bladsye 3, 8 en 11**

www.bybeldirektevertaling.co.za
Epos: sales@biblesociety.co.za




**DIE NUWE BYBELVERTALING**

# Wat is die "Hoofletteruitgawe"?

Daar is drie verskillende uitgawes van die nuwe Bybelvertaling: een met die Ou en Nuwe Testamente; een met Ou en Nuwe Testamente en die Deuterokanonieke boeke; die Hoofletteruitgawe met addisionele hoofletters in die Ou Testament, soos in die *1933/1953-vertaling*.

Sedert die verskyning van die 1983-vertaling was daar bepaalde kerke en denominasies met bedenkinge daaroor dat daar in die geval van benamings en voornaamwoorde in Ou Testamentiese tekste wat deur skrywers in die Nuwe Testament op Jesus as die Christus van toepassing gemaak word, nie hoofletters gebruik word soos in die 1933/1953-vertaling nie. Reeds van die begin van die huidige projek af was die vertaalspan hiervan bewus. Omdat die vertaalspan uiteraard wél die toepassing van die Ou Testamentiese tekste in die Nuwe Testament op Jesus as die Christus aanvaar, is daar besluit om met behulp van voetnote in die Ou en Nuwe Testament oor en weer deur middel van kruisverwysings hierna te verwys. Tog was daar, ten spyte hiervan, steeds bedenkinge by sommige kerke oor die gebruik van kleinletters in hierdie gevalle in die Ou Testament.

Dit het gelei tot gesprekke tussen die Bybelgenootskap en 'n aantal kerke, wat uiteindelik daarop uitgeloop het dat die Kerklike Advieskomitee (die Bybel in Afrikaans) die Bybelgenootskap soos volg versoek het om twee uitgawes van die vertaling te publiseer: "een waarin die persoonlike voornaamwoorde met kleinletters ('hy' en 'hom') geskryf word, en een waarin die voornaamwoorde met hoofletters ('Hy' en 'Hom') geskryf word". Omdat dit die Bybelgenootskap se ideaal en strewe is om werklik *alle* lesers van die Bybel in Afrikaans met hierdie vertaling te dien, het die Bybelgenootskap die betrokke kerke genooi om verteenwoordigers in 'n werkkomitee te benoem om die Bybelgenootskap te adviseer oor watter Ou Testamentiese tekste wél met hoofletters in hierdie uitgawe gedruk behoort te word.

Die Werkkomitee se advies was: "Hoofletters in Ou Testamentiese tekste wat in die 1933/1953-vertaling met hoofletters geskryf is, so behou moet word, asook Ou Testamentiese tekste wat deur skrywers in die Nuwe Testament op Jesus as die Christus van toepassing gemaak word, mits daar konsensus daaroor in die komitee bestaan." So 'n lys tekste is deur die Werkkomitee opgestel. Behalwe die gebruik van die hoofletters in die betrokke tekste soos deur die Werkkomitee aanbeveel, kom die vertaling in hierdie Hoofletteruitgawe dus verder in alle opsigte ooreen met die ander uitgawe.

Die Werkkomitee het bestaan uit verteenwoordigers van die Afrikaanse Baptiste Kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, die Pinkster Protestantse Kerk, die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika, met ook, as waarnemers, die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

*Bernard Combrink, Projekleier*

STOEPSTORIES

# Konsternasie in die hof

Ons kerk se karwag, Themba, vertel my onlangs met groot smaak dié storie . Ons gesprek in die parkeer-terrein het gegaan oor ons wittes wat so sukkel om ’n swart taal aan te leer. Net dié wat daarmee grootgeword het, kan dit vlot doen, sê ek.

Hy wys na ’n venster in ons Utopia-gebou, reg in die hoek, tweede vloer. “Dáár,” sê hy, “bly Mev Botha.” Ek besef hy is reg. Dis Marilda Botha se kamer. “En daar,” wys hy weer akkuraat met sy wysvinger, “sit sy altyd op ’n bank om te rook.” Ek is verstom. Die bank is skaars van die parkeergrond af sigbaar. Maar dit is só.

“Sy het eers *geteach* by ’n skool in die Oos-Kaap, toe gaan werk sy saam met die *judge*. Dit was in Grahamstown. Sy was jare gelede eendag weer in die hof saam met die *judge*. Die *accused* praat en die *interpreter* vertaal sy woorde in Engels. Die *interpreter* praat en praat. Die *judge* luister. Mev Botha luister ook. Skielik staan sy op.



Themba wys: Só het die leuenaars hul koppe in skaamte laat sak.

“Nee,” sê sy hard en duidelik aan die tolk in isiXhosa, “Dis nie wat daardie man gesê het nie.” (Daar bestaan nie ’n woord in isiXhosa vir lieg nie, het ’n hoogs geamuseerde Marilda later verduidelik. Daarom dié “Dis nie wat hy gesê het nie” van haar.) Sy sê die tolk het die grootste klomp nonsens kwyt geraak. Die regter, wat ook isiXhosa verstaan, het haar woorde beaam. Pandemonium heers toe in die hof.

Die beskuldigde is onskuldig verklaar. Die valse beskuldigers het hul koppe in skaamte laat sak. Themba demonstreer dit komieklik. (Sien hiernaas.)

“Hene Ma, is dié storie tot in Stellenbosch bekend?” vra Marilda se verbaasde dogter uit Mauritius.

Marilda het op ’n plaas in die Oos-Kaap grootgeword.

*Eudore Allers*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

OUER LIDMATE SE MOEILIKE BESLUIT

# *“Hoekom gaan Ouma en Oupa nie meer kerk toe nie?”*

Leentjie is bekommerd.

“Ouma, ek wil vir Ouma iets vra.”

“Ja, my liefie, wat is dit?”

“Hoekom gaan Ouma en Oupa dan nie meer kerk toe nie? Julle gaan mos *altyd*!”

“Dis oor Covid-19, my kind”

“Kou—wat, Ouma? Is,dit iets lekkers om te eet? Ek hoor mense praat al die tyd daarvan, maar ek sien nooit daai ‘WIT’ ding waarvan hulle praat nie. En as daar 19 daarvan is, is daar mos genoeg vir almal om te kou! En Oupa suig dan altyd pepermente in die kerk. Is so! Ek het al enetjie by hom gebedel! Dis mos ook wit. Hoekom kan ek nie ook een van die nuwe wit goed kou nie?”

Ouma lag lekker. Net toe kom Oupa ook by die vertrek in. “Hoor hier, my man, Leentjie wil weet of sy ook van die 19 wit goed kan kou!”

“Hoe nou? Watse wit goed? Wat bedoel jy, Oupa se blommetjie?”

“Nee, Oupa, ek het vir Ouma gevra hoekom Oupa-hulle dan nie meer kerk toe gaan nie, en toe sê sy dis oor die 19 wit goed wat julle kou!”

Oupa begin ook lag. “Nee, my liefie, dis nie 19 wit goed wat iemand kou nie, dis ’n nare kiem wat hulle ‘Covid-19’ noem. Baie mense het al daarvan doodgegaan en ouer mense kan daarvan baie siek word !”

“Hoe siek, Oupa? En wat het dit met kerk toe gaan te doen? Ek en Kleinboetie gaan nou weer elke Sondag na die lekker kinderkerk in daai mooi huis langs die kerk en dan kom haal Pappa en Mamma ons as hulle uit die kerk kom. Ons het vir ’n ruk nie gegaan nie, maar ek het gedink dis oor die reën. Dit was lekker toe Mamma koortjies saam met ons by die huis gesing het! Maar kleuterkerk is lekkerder!”

“Baie mense word baie siek van Covid-19, my kind, en die groot probleem is dat ouer mense sommer baie, baie siek kan word. Hulle moet hospitaal toe gaan en soms kan hulle nie asem kry nie en daar moet ’n pyp in hulle longe afgestoot word om vir hulle asem te gee. En soms sterf hulle daarvan.”

“Maar wat het dit met kerk toe gaan te doen, Oupa?”

“Hierdie kiem — hulle noem dit eintlik ’n *virus* — is so klein, dit vlieg in hulle miljoene uit mense se monde as hulle in ’n toe ruimte asemhaal, maar veral as hulle sing.”

“O, is dit hoekom almal lappe oor hulle monde dra?”

“Ja, mens noem dit maskers en dit help keer, maar dit hou nie al die virusse uit nie.”

“Is dit hoekom Oupa-hulle nie meer kerk toe gaan nie? Maar wat sal Liewe Jesus sê? Hy wil mos hê ons moet Sondae kerk toe gaan! Wat dink Ouma? Wil Hy dan nie hê julle moet na Hom toe kom nie?”

“Nee, Leentjie, Liewe Jesus gee nie om nie. Hy het gesê ‘Waar twee of drie in My Naam bymekaar is, daar is Ek by hulle.’ Hy is tuis net soveel by ons as in die kerk!”

Oupa knik instemmend. “Net so!”

“Ja, dis wat Mamma ook gesê het toe hulle ook in die winter nie kerk toe gegaan het nie. Kyk Ouma-hulle nog na die kerk op die rekenaars? Dit was vir my so mooi toe die omies en tannies dominees in hulle tuine gepreek het—die gras en bome en blomme was net so mooi soos die kerk se vensters.”

“Einste, Leentjie!”

“Maar mis Ouma nie die sing in die kerk nie? Ouma sing dan altyd so lekker!”

“Ja, seker so ’n bietjie. Maar daar is ’n oom Xander wat elke Sondag op die gallery langs tannie Zorada staan en sing, en hulle wys selfs die gesangboek se note op die skerm. En dan sing ek lekker saam—ek sing sommer vir Oupa wakker as hy begin dut.”

Leentjie giggel.“Oupa slaap maklik, né!”

“Watwou slaap! Ek luister toe-oog om beter te kan hoor!”

“Maar mis Oupa dit dan nie om in die kerk te sit en toe-oog luister nie?”


“As ’n mens ouer word, is daar dinge waarvan jy moet afsien, my blom. Ons is so dankbaar ons is nog gesond — daar is baie mense wat siek is. En ons is bly ons het julle so naby — baie mense se kinders is oorsee. En ons twee is nog saam en ons kan veilig by die huis aan die diens deelneem! Die Here verwag van ons om nie onverskillig te wees nie. Jy weet mos Ouma moet pille vir haar bloeddruk neem en ek het al ’n hart-operasie gehad. Ons mag nie kanse vat nie. Dis ons plig om mekaar op te pas.”

“Ek verstaan, Oupa. Liewe Jesus wil hê Oupa en Ouma moet liewer by die huis bid?”

“Ja — en sing!” lag Ouma.

Leentjie stap tevrede weg.

*JMC*



































**Name**

1. Jan v Zyl
2. Pierre Malan
3. Angelique H
4. Richard v Wyk
5. Frans Krige
6. Marie Britz
7. Elzaan Victor
8. Karin Joubert
9. Daniel Lutz
10. Louis v Niekerk
11. Ludolph Botha




**Onbekend—**
**maar tog bemind?**

Mense sukkel maar deesdae om ou vriende te herken as hulle mekaar maar so op ’n afstand moet groet. Hier is ’n verteenwoordigende groep Kerkraadslede. Kyk hoeveel jy kan herken.

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

**ONS GROET ’n MERKWAARDIGE VROU**

## Hanneke Hugo

Mev Hanneke Hugo, weduwee van wyle dr. (later prof.) André Hugo, was vir twintig jaar ’n geliefde inwoner van Geluksoord, nadat sy weens veelvuldige sklerose haar werk in die Kaapstadse Hooggeregshof vaarwel moes roep. Hierdie pos het sy eers in haar veertigerjare begin beklee, nadat sy sedert 1975 as moeder van vier jong kinders alleen die mas moes opkom na die voortydige sterfte van haar geleerde en gerespekteerde eggenoot, toe hoogleraar in Latyn aan die Universiteit van Kaapstad.

Catherina Johanna Moll is op 10 Augustus 1929 in Nederland gebore en het haar op universiteit in die Regte bekwaam. Toe sy reeds gepraktiseer het, het sy die jong Andre, doktorale student uit Suid-Afrika, ontmoet en sowat twee jaar later, as jong eggenote, saam met hom na Stellenbosch gekom, waar beide diep spore in die Universiteit, in die kultuur- en natuurlewe getrap het, en as liberale denkers téén die wrede en onsinnige skeiding van mense deur apartheid gestry het.


Hul kinders was nog klein toe die Hugo’s Kaapstad toe verhuis het, waar professor Hugo se loopbaan voortydig deur sy dood kortgeknip is  Sy gedenkdiens is in die Moederkerk op Stellenbosch gehou, ’n gebou waarvan hy die geskiedenis in ’n pragboek neergepen het. Ds Kees Jongeleen, ook ’n Nederlandse immigrant en jarelange vriend, het destyds die diens gelei. Op 7 November 2020, 45 jaar later, het hy ook Hanneke se diens gelei. Hierdie diens is op *Youtube* uitgesaai, sodat Nederlandse familie en plaaslike vriende dit ook kon volg.

Spreker na spreker het hier getuig van Hanneke se diep gelowigheid, haar sprankelende persoonlikheid, haar innige menslikheid, haar musikaliteit en haar blymoedigheid onder alle omstandighede. Sy is kort voor haar 94e verjaardag in Augustus oorlede, maar die familie het gewag met ‘’n gedenkdiens hou tot een seun en sy gade eers uit Amerika kon kom, nadat die vliegverbod opgehef is. Sy laat, benewens haar kinders en hul gades, sewe kleinkinders met hul gades en elf agterkleinkinders agter.


Dit was ’n eer om Hanneke Hugo te kon ken. *J. M. Claassen*

FLIEKRESENSIE

# The Social Dilemma (*Netflix*)



Die dokumentêr "The Social Dilemma" wat tans op *Netflix* beskikbaar is, bied 'n insiggewende (en ietwat kommerwekkende) blik op die invloed wat die sosiale media op ons as gebruikers het. Die film verduidelik aan kykers dat ons brein deur sosiale media gemanipuleer en selfs herbedraad kan word, met algoritmes wat spesifiek ontwerp is om ons aandag te trek, sekere produkte te laat koop en, nog te meer, te laat "inkoop op" verwronge idees van die wêreld, van onsself en van ander.




Hierdie dokumentêr, deur die filmmaker, Jeff Orlowski, konfronteer die kyker met eksistensiële vrae oor die rol wat sosiale media speel in die besluite wat ons dag na dag neem en sodoende die wêreld rondom ons vorm. Wat hierdie film uniek maak, is dat Orlowski nie net sielkundiges en sosiale-media-kenners in hierdie verband raadpleeg nie, maar ook met die topbestuur van onder andere Twitter, Instagram, Pinterest en Facebook in gesprek tree. Hy gesels byvoorbeeld met Justin Rosenstein, die uitvinder van Facebook se "*like*"-knoppie, oor die effek wat hierdie funksie op die gebruikers van die platform gehad het.

In 'n wêreld waar die sogenaamde "aandag-ekonomie" toenemend winsgewend word, maak die film 'n paar nuttige voorstelle oor hoe om die invloed wat hierdie platforms op ons as gebruikers kan uitoefen, in te perk. Dit stel byvoorbeeld die belasting van "data-bates" voor en, heel aan die einde van die film (na die erkennings), word daar ook sosiale-media riglyne en reëls wat ouers kan volg, as hulpmiddel deurgegee. Die belangrikste les wat ons uit "*The Social Dilemma*" kan leer, is dat ons alles wat ons aanlyn lees, moet bevraagteken – veral as dit op so 'n manier aan ons voorgehou word dat dit uitsluitlik ons persoonlike voorkeure weerspieël. As jy 'n rekening by enige sosiale-media-platform het, is hierdie 'n "moet-kyk"-film!

*Angelique Havenga*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

Richard vertel

# Grendelgrappies

Snaaks hoe die wêreld kan verander – my ouers het altyd met my geraas omdat ek altyd wil uitgaan en nou raas ek met my ouers as hulle wil uitgaan.

Ek wou gedurende grendeltyd 10 kg verloor – ek het nog net 13kg om te gaan.

Ek is 'n ongeneeslike introvert en vreemd genoeg, met die grendeltyd het al my ekstrovert vriende vir my gevra wat doen ek nou. Dom vraag: "Ek doen wat ek nog altyd gedoen het".

*As die vloot van die huis af werk:*



*Dit was altyd vir my so lekker om 'n telefoongesprek met die woorde af te sluit: "Jammer, maar ek sal moet hard-loop." In grendeltyd het ek besef: maar ek kan **nêrens** heen hardloop nie!*

**Voornemens vir grendeltyd:**

Dag 1 – ek gaan uiteindelik my tuisgym vir die 1 ste keer gebruik. Ek eet kaaskrulle en drink 'n lekker koue witwyn terwyl ek die gym olie en regmaak.

Dag 2 – ek het al die video's gekyk van wat mens op my tuisgym kan doen. Ek eet 'n pak grondboontjies en drink 'n lekker rooiwyn.

Dag 3 – daar is skitterende video's van mense wat al sukses behaal het met die spesifieke tuisgym. My vrou pak vir my 'n bord met soutkoekies en ons braai heerlik.

Dag 4 – ons besef dat as ons die lewenswyse wil handhaaf sal ons dalk die tuisgym moet verkoop om geld te hê. Ons braai weer.

Dag 5 – die pryse op gymtree lyk goed vir tuisgyms en ons adverteer.

Dag 6 – ons skuif die tuisgym weg sodat ons dit nie kan sien nie.

**Wat is "Foreign Tubeless Tire" in Afrikaans?**



**Dis 'n Buitelandse Binnebandlose Buiteband.**



*Gemaskerde Dok en sy hond*

**2050 dink terug**

Oupa en kleinseun kyk ou foto's. Kleinseun vra: "Oupa – ek sien julle het 30 jaar gelede deurhandvatsels gehad. Hoekom is daar nie meer deurhandvatsels nie?"

"Ai, my liewe kind! Kom Oupa vertel vir jou van die jaar 2020".




*Wat is die verskil tussen die soorte rooi- en witwyne? Hoekom is daar verskillende glase vir verskillende wyne? Hoe hou jy jou wynglas vas? Hoe proe 'n mens wyn?*

Dit was van die vrae waarmee ons dalk na die Jong Volwassenes se Wynproe vir beginners op 16 Oktober 2020 in die Hofmeyr-saal gegaan het. Ons het egter soveel méér as net hierdie "basiese kennis" van wynproe opgedoen; ons stoutste verwagtinge is oortref.

Dit was 'n heerlike aand van geselligheid en samesyn (mét die nodige Covid-19 voorsorgmaatreëls, natuurlik). Ons "leermeester", Richard van Wyk, se passie vir wyn en die proe van wyn was aansteeklik en het bygedra tot 'n heerlike aand. Daar was nie net topgehalte wyn wat deur De Wet Viljoen van Neethlingshof vir ons gegee is om te proe nie, maar heerlike versnaperings om saam met die wyn te proe, of soos die Engelsman sê, te "*pair*".

Min van ons het geweet in watter mate 'n "*flavour explosion*" binne die mond kan gebeur wanneer die regte kos saam met die regte wyn gekombineer word. Die sjokolade *mousse* se '*flavour explosion*" saam met die Pinotage was definitief 'n groot treffer.

Ons is nie te lank met 'n "lesing" besig gehou nie, want die belangrikste punt van die aand was om die wyn waarvan jý hou, saam met aangename mense en lekker kos te geniet. Dít is toe wat ons die res van die aand ingeoefen het.

Indien jy graag ons volgende Jong Volwassenes-geselligheid wil bywoon, stuur gerus 'n e-pos na jv@moederkerk.co.za met jou kontakbesonderhede of volg ons Facebook-bladsy, https://www.facebook.com/MoederkerkJV/

*Karien Joubert*





Foto: Klipstapels in die Eersterivier

"Inperking" is 'n vreemde woord… asof dit jou weerhou van vry te **leef** en **te doen**!

Soos in die oorlog se aandklok-reël-tyd en dan nog bemasker oók!

Genadiglik darem nog vry om te kan **dink!**

Hierdie "ding" is skielik op álmal van toepassing… groot klein, arm, ryk, ploeteraars, vrye geeste, energieke gesonde mense, oud en jonk… die broses onder die samelewing… **almal!**

Ek bevind my en my huisgenoot in 'n baie positiewe posisie met ons beskermende lewenswyse.

Dis skielik 'n tyd waarin ons op mekáár kan fokus,

Baie meer tyd sáám kan spandeer, jou stokperdjies lekker en sonder skuldgevoel kan beoefen,

… sommer helder oordag jou kan oorgee aan die leeslus… boeke wat begeer om gelees te word…
brei en hekel uit oorskietwolle wat al só lankal wag!

Kaste en rakke rustig uit- en regpak… om hinderlike dinge reg te stel!

Die silwer poets en deur agterstallige briewe met ou vriende te kommunikeer, met 'n dringende aanmoediging tot hoop in die moeilike tyd!

Dan word dae weke en weke maande,

Vriende rondom jou word siek; jy sien hulle swaar ráák... Die lig in die pad word dof en dowwer…

Jy krepeer sónder menslike kontak wat jou siel voed!

Jy mag nie drukkies van bemoediging of simpatie uitdeel nie.

Afstand word fisies en geestelik méér en ernstiger.

Ons vriende en kennisse verloor hul werk en uitsigte vorentoe lyk benard.

Hospitalisasie is 'n dramatiese afsonderingsperiode sonder fisiese familie-steun

Grootouers, kinders en kleinkinders sien mekaar deur vensters en agter tralies!

Dis 'n bedreigende situasie vir vriend en familie.

Só… wat sê 'n mens **in** só 'n tyd en **óór** so 'n tyd in ons lewens?

Dalk, dat ons tóg **lewe** fyner en meer sensitief ervaar, as 'n kosbare gawe?

Méér waardeer as voorheen?

Gemeenskap met mense en vriende koester as kosbaar?

Die lewe aangryp as 'n duur skat en geleentheid?

*Mag ons nie weer terugval in 'n selftevrede houding soos voorheen nie!*

*Mag ons met oper oë en ruimer harte en waardering die lewe daagliks uitkoop!*

## Die Bybelvertaling vir vandag

Die amptelike toewydingsgeleentheid van *Die Bybel: 2020-vertaling* word beplan vir Sondag, 29 November in die Kopanong Kerk, Bloemfontein, om 14:30.


Dit sal die vorm van 'n dankdiens aanneem, met dr Bernard Combrink, die projekleier, as prediker. By hierdie geleentheid sal spesiale eksemplare aan die lede van die Begeleidingskomitee, Redaksionele Komitees en alle medewerkers oorhandig word.

Weens die Covid 19-gevaar en die regulasies sal mense die geleentheid slegs op uitnodiging kan bywoon, aangesien die aantal per sone teenwoordig beperk word.

Lede van die vertaalspanne wat in Bloemfontein sal wees, asook Bybelgenootskap-sekretarisse, sal die oggend by verskillende gemeentes en denominasies optree.

Gemeentelede kan egter die diens op YouTube volg, of later kyk: https://youtu.be/mL8JY4IVosM

Video's afsonderlik: https://www.youtube.com/playlist?list=PL01GGrHhHst-5UsQYKWE4iX5flzTk-Yee



'n GEMEENTE-EGPAAR VERTEL …

# Ons paadjie met Covid




***HY*:**

Ek het in Junie 66 geword, is veertien jaar al diabeet, met vorige hartomleidings en ek is oorgewig. Beslis 'n kandidaat vir COVID en ek hou simptome sedert Maart fyn dop.

Ons probeer die regulasies noukeurig navolg en ons sien die virus om elke draai, plastieksak en deurknop.

Die naweek voor Maandag 29 Junie voel ek sonder energie, kan nie lang ente stap nie en voel gou moeg en my oogkaste pyn onophoudelik. Ek het geen koors nie en my longe voel normaal. Dis nie COVID nie (dink ek) maar bel my dokter op daardie Maandag, net om seker te maak. Dr Jaco vra my om maar vir 'n paar toetse na die Mediclinic te kom.

Daar aangekom, word ek verwelkom deur 'n hele paneel vriendelike maar uiters bevoegde hospitaalpersoneel. Hulle het duidelik opdrag om my te verwag. Ek is by die regte deur in nadat ek vorms ingevul het, my normale koors opgeteken is en ek my hande gesteriliseer het.

Tot op hierdie punt was ek oortuig dis maar die COVID-roetine by die hospitaal in hierdie tyd. Ek toon mos nie tipiese simptome nie en ek sal sekerlik huis toe kan gaan. Ons huishoudster is wel die vorige Vrydag in die hospitaal opgeneem, maar ek het op die dae dat sy wel by ons was, dan juis in die buitewoonstel sit en werk.

Die gebruiklike COVID toets word geneem en ek verwag die uitslae die volgende dag. Vir veiligheid oornag ek in blok C met 'n groot oranje kol op my deur – "wag vir toetse" Ek begin ongemaklik raak met die situasie, die histerie van die beskermende klerasie van mense rondom my en ek begin dink – sê nou ek is positief?

Dinsdag bel my vrou ontsteld: "Hoekom sê jy my nie jy is positief nie? " Dit was 'n skok- ekself het geen SMS ontvang nie. Ek word eers bang, toe kwaad dat niemand my persoonlik kom sê het nie, en skielik raak dit alleen in my kamertjie. Ek hoor hoe die oranje kol na rooi verander word en ek hoor die volgende oggend ek moet ten minste 'n week in die kamertjie bly en dat my longe klein kolletjies op het. COVID het maar so pas begin! Ek probeer tussen al die verwardheid stil raak, stil raak totdat ek met my Skepper kon praat, my hart uitpraat en al my vrae vir Hom gee, vir Hom vra om vir my vrou naby te wees want ek kan net dink wat deur haar kop gaan.

Gelukkig oor die volgende paar dae tot Saterdagoggend het die simptome nie méér geraak nie. Toe ek ontslaan word en weggestuur is vir 'n verdere twee weke in kwarantyn in 'n gastekamer in ons huis, hoor ek dat my buurman in blok C in die hospitaal daardie selfde dag na intensiewe sorg oorgeplaas is.

Dis nou vier maande nadat ek gediagnoseer is en COVID se nagevolge is nog met my – dit voel of 'n olifant op my lyf sit, my oogkaste is nog altyd seer, ek het teen vieruur die middag nie meer energie nie en ek kan net klein ente, nie meer as drie kilometer nie, stap voor my longe seer raak.

Die tyd voor COVID het ek by my kliënte gesien hoe die droogte en swak ekonomie baie broos gemaak het, en nou het COVID baie mense so geraak, ook vir my. Dit het my meer tyd gegee om stil te raak en in gesprekke met Jesus te tree. Ook veel meer gesprekke met my lewensmaat, wat ons nou veel nader aan mekaar gemaak het. Weens die lang tydperk van isolasie waarin ons geleef het, het ek nooit enige stigmatisering deur ander ervaar nie.

Dit is 'n groot voorreg om te kan lewe en verhoudinge met ander en my Skepper te koester en te verbeter. *Anoniem*

***SY*:**

Ek het nie saam met hom gery die dag toe hy na die dokter is nie. Hy gaan mos net vir 'n roetine-ondersoek. Die klein skrik was die 24-uurlange wag vir die Covid uitslag. Ek het willoos op die bank bly sit…

Ek was lam toe ek die SMS kry. Nadat ek dit verwerk het, moes ek ons kinders kalm hou.

Ek het nie geweet hóé of wát om te bid nie : maar net kort-kort geprewel: "*Asseblief Here!*"

Die hospitaalbesoeke by sy kamer-venster het my gerusgestel – want A* het soos sy ou self geklink. Toe hy egter vir die twee verdere weke van isolasie tuiskom en in ons woonstel buite die huis sou intrek, het ek geskrik!. Hy was besonder swak en slaperig. Ek los die kos voor die deur tussen die reënvlae deur… En tog is hy daardeur!

Vir my is sy herstel gelykstaande aan die water wat deur Jesus in wyn verander is! *Anoniem se gade*

KOSMAAK VIR AMATEURS

## Die voordeel van mikrogolfoonde

As jy so onbeholpe in die kombuis is as ek, is die mikrogolfoond 'n lewensredder. Die kos kan nie aanbrand nie, al is jy hoe diep in jou boek gesonke. Aartappels kook? Afhangend van grootte, so vyf mi-nute op "hoog" per aartappel. Sny hom net deur en sit hom skil en al net binne die rand van 'n plat mikrogolf bakkie, in 'n bietjie water. As hy gaar is, laat 'n bietjie afkoel en trek dan die skilletjies af. Voeg dan by enige gaar vleisdis, of maak fyn met 'n bietjie olie of botter en strooi peper oor, vir vinnige kapokaartappels.

Vleis wil teen 'n laer hitte gaargemaak word, en baie korter as op die stoof of in die oond. Enige maalvleisdis of hoendergereg word vinnig gaar. Byvoorbeeld, sny vellose hoenderborsies in stukkies, voeg 'n klein bietjie water, kookolie, sout, borrrie na smaak en al jou gunstelingkruie daarby, bedek en kook teen mediumhitte vir so 15-20 minute vir 'n heerlike "Hoender Tikka-kerrie." *Liewe Heksie*

***Het jou mikrogolfoond binne begin roes**, maar hy werk verder nog goed? Koop by enige motoronderdeelhandelaar 'n plat houertjie met die soort lak waarmee 'n mens gaatjies in mo-tors se knaldempers kan stop. As dit te styf is, voeg 'n paar drup-pels water by en wend dik maar egalig op die roesplekke aan. Die swart verdroog tot grys. Dit is binne 'n paar uur hard, en hoe meer jy daarna in die oondjie kook, hoe harder word dit, want dit is gemaak om hoë temperature te weerstaan. Siedaar, hy's heel!*

**HOE HANTEER GESINNE WERK EN KINDERS SAAM?**

# Die Malan-span in die grendeltyd

In die afgelope maande was daar ruimte vir ons as gesin om saam te lag, saam te huil, saam te baklei en saam te groei. Daar was ook tyd om mekaar beter en op ander maniere te leer ken.

’n Grondbeginsel van ons gesin is dat ons altyd ’n span is, wat mooi met mekaar werk. Ons het in die begin met die kinders daaroor gepraat en besluit dat ons nou, meer as ooit, as ’n span moet saamwerk. Die tyd toe ons streng ingeperk was, het ons gesin regtig hard probeer om ’n roetine in plek te stel. Ons moes skoolwerk, skoonmaak en die ander dagtake indeel . Ons kinders het ook gehelp met die skoonmaak van die huis. Hugo, ons kleinste seuntjie (drie jaar oud) het egter eendag steeks geraak en geprotesteer, na vele versoeke dat hy sy speelgoed kamer toe neem, dat hy *nie* in ’n span wil wees nie. So, met een spanmaat minder in die skoonmaakspan, het ons die take deur die loop van die dag afgehandel gekry.

Ons as ouers se beroepswerke het ook nie stilgestaan nie. Christo se 'kantoor' was vir vyf maande in ons slaapkamer, juis sodat die kinders hom nie pla nie. Terwyl hy werk, het ek vir die kinders skoolgehou. My werk is in die kombuis en die bakwerk het van vlak 4 weer begin; wanneer die kinders se skoolwerk klaar was, het ek gebak en aflewerings gedoen. Die skoolhou en werk was regtig moeilik, omdat die skoolwerk soms baie ure geneem het. Dan moes die werk maar saans gedoen word, as die kinders reeds slaap.

Ons dagroetine was darem ook buigsaam; dit het geleentheid geskep vir ekstra tyd om die ontbyttafel of vir ekstra speeltyd. Dit



Martjie Ockie Teresa Hugo Christo

was vir ons belangrik om dit steeds aangenaam vir almal te maak. Ons kinders het heerlik gespeel en elke hoek en kant van ons erf omskep in ’n huisie of selfs ’n restaurant. Hierdie ekstra tyd het inderwaarheid die mooiste herinneringe geskep.

Dié tyd het ons ook uitgedaag om mooier met mekaar om te gaan, mooi met mekaar te praat en te werk. Dit was natuurlik nie sonder baklei of ongelukkigheid nie, maar ons kon terugval op die feit dat ons ’n span is en sáám in hierdie tyd is.

Die balans tussen die roetine en vrye spel was die sleutel tot die sukses van hierdie grendeltyd. Ons dink terug aan kosbare tye, waar ons as gesin moes saamstaan en op mekaar staatmaak, juis omdat ons vir hierdie tyd nét mekaar gehad het.

*Martjie Malan,*
*‘n bak-entrepeneur*

0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0º0

## Gesellige Gesinsdiens



Ons het op Sondag 9 November ’n gesinsdiens in die Hofmeyrsaal gehou. Dis die eerste keer sedert grendeltyd dat daar ’n mooi klompie gesinne om tafels in die Hofmeyrsaal kon sit. Daar was velle papier op die tafels waarop kinders en hulle ouers heerlik geteken het. Familiegesprekke om die tafel het geleentheid geskep vir interaksie en leer by mekaar. Ons het lekker saam eetgoed geniet en na die diens saam gekuier. Dit was heerlik om weer as gesinne saam te kuier.

*Jan*

**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
082 461 8564

Johan van der Merwe

**SLOTTE EN SLEUTELS**

Toe ek ‘n kind was, was daar ‘n vroom ou Hebreeuse Christen in Kaapstad. Mnr Jacobsen was ‘n Bybelkolporteur—hy het van deur tot deur rondgegaan en Bybels en geestelike boeke verkoop.

Eendag vra ‘n Joodse vriend vir hom: “Sê my, Jacobsen, wat Is vir jou die belangrikste? Die Ou of die Nuwe Testament?”

“Ek sal vir jou sê as *jy* eers vir *my* kan vertel: wat die belangrikste is: *die slot of die sleutel*?” kom die flink antwoord. *JMC*

# Unplugged herrys!





*Grendeltyd is verby maar Covid 19 nog nie!*

# Ons behou sosiale nabyheid in 'n tyd van fisieke afstand

Die ding van 'n kettie is dat. hoe verder jy dit terugtrek, hoe vinniger zoem die klippie verby jou oor. Dalk kan daar dieselfde van ons in die grendeltyd gesê word: "Hoe verder jy agter is, hoe vinniger kom jy voor".

Met die aanvang van die grendelstaat het die tieners 'n eiesoortige en strawwe uitdaging in die gesig gestaar. Met die druk om die akademiese jaar te voltooi, was hulle van die eerstes om na digitale platforms te migreer. Hierdie migrasie het meegebring dat hulle as pioniers die digtaal-akademiese veld moes betree. En dit was nie sonder groeipyne nie. In ons Jeugbediening het ons self die uitkring-effek hiervan ervaar. Die massale hoeveelhede huiswerk wat voltooi moes word, die verlange na vriende, die isolasiekoors wat almal so af en toe gevang het.

Alhoewel die akademie volstoom voort gebeur het, moes baie aspekte van die skoollewe ontbeer word. Alle sport-geleenthede, buitemuurse aktiwiteite en sosiale geleenthede, naamlik en veral die jaarlikse matriekafskeid is summier afgestel. Dit het, soos vir almal, die begin van 'n vreemde en ietwat eensame jaar gemerk. 'n Jaar gestroop — nee, beroof — van dit wat ons lewe met kleur en opwinding vul. Dit wou tog voorkom asof hierdie jaar ons lewens werklik verwoes het.

Nietemin het daar met die verligting van die grendelvlakke, ongerepte kreatiwiteit voortgespruit. Daar is (klein) private matriekafskeid-funksies gehou, die skole is heropen en die lewe het so begin-begin na 'n bekende formaat teruggekeer. Met die opening van eredienste het ons dadelik die inisiatief geneem om weer kérk te wees. Ons het wel besef *kerkwees nóú* kom met sy eie kreatiewe vereistes. Ons wou koffie saam drink — maar, onthou net jou eie beker! Ons wou weer saam begin sing — maar met 'n masker en vér van die mense om jou. Ons wou mekaar in die Here se teenwoordigheid ontmoet — toe maak ons seker dat COVID ons nie gaan keer nie.



Die grendeltyd het ons wel "terug gesit", maar, soos 'n kettie wat vér terug getrek is, is ons besig om vóór te kom. Die kreatiwiteit en die aanpasbaarheid van die jeug is 'n deug wat ons in ons geloofslewe uit en bo die grendeltyd kan uitlig.

*Lionel Hutton*



# Kinderkaskenades

## Die Akkerklubspanne soek maats

Hello maats

Dit is Sondag en die kerkklokke lui... Chippie spring kiertsregop, trek sy groot akkerskoene aan en klim blitsvinnig op die groot tak om te kyk wanneer al die maatjies aankom vir kerk.

Maar niemand daag op nie... Die klokke hou op lui en steeds is daar niemand nie... "Wat gaan vandag aan?" wonder Chippie hartseer.


Chippie loer om te sien wáár sy mens-maatjies tog kan wees

En toe onthou Chippie van die GROOT VIRUS! Hy is mal oor Sondae. Hy geniet dit so as al die maats saam met hulle ouers na die groot kerk toe kom. Hy groet elke maatjie en wag geduldig as hulle na 'n kort rukkie uitkom en dan stap hy saam na die Kweekskool. Daar sit hy lekker in die groen tuin en luister saam na al die stories oor Jesus en sy vriende.

Maar vandag is daar niemand en niks nie! Hy mis hulle en wonder hoe hy hulle kan help om steeds van Jesus te hoor...

Chippie dink hard... en toe kry hy 'n blink plan! Hy sit sy masker op en besluit om al sy Eekhorinkie-vriende in te roep sodat hulle saam kan dink hoe hulle die maatjies deur hierdie gemaskerde tyd kan ondersteun! Na vele koppekrap, stel Chippie voor dat hulle al die slim vriende in die kerk moet vra vir idees oor hoe hulle kan help. Na deeglike bosberaad stuur hulle ses akkerklub-ekspedisies uit om die beste raad te kry oor hoe om die maats steeds van Jesus te vertel en hulle opgewonde te hou oor sy Koninkryk.

Die spanne word soos volg uitgestuur:

**Akkerklubspan 1** gaan na oom Johan se huis in Somerset-Wes. Nadat hy mooi geluister het, stel hy voor hulle leer 'n nuwe taal aan en só kan hulle meer maats bereik en ook eekhorings van ander lande oor nuwe idees raadpleeg.

**Akkerklubspan 2** gaan na tannie Marié se plaashuis buite Stellenbosch. Sy neem hulle bietjie rond tussen die olyfboorde en in die mooi Kapel gaan sit hulle almal, waar sy hulle leer dat ons ook in die stilte van Jesus kan hoor. Hulle kan buite hulle maats se kamervensters sit en net saam met hulle stil wees .

**Akkerklubspan 3** gaan na oom Jan se huis. In tannie Amelia se mooi tuin kuier hulle heerlik saam met oom Jan. Hy sit aandagtig na hulle en luister, vertel dan vir hulle dat 'n mens simbole kan gebruik om die maats te herinner aan Jesus, simbole soos kruise en mooi klippies en prentjies wat hulle herinner aan tye saam met almal.

**Akkerklubspan 4** gaan na oom Irénée se huis. Die tweeling is so bly om hulle te sien en sê hulle moet saam kom speel. Pootuit en uitasem vertel hulle dan vir oom Irénée van hulle probleem. Hy reken dat musiek 'n lekker manier is om die maats se harte bly te maak.

lees verder op die agterblad

Hulle hele "*band*" moet sommer gereeld vir die ander maatjies musiek maak en sing oor Jesus.

**Akkerklubspan 5** besoek die jonge tannie Angelique. Sy en oom Marnus besluit om hulle op 'n uitstappie te neem. Êrens in die berg gaan hulle onder 'n boom sit. Sy steek 'n kers op en gesels lang stukke. Sy sê dat hulle met baie kennis vir die maats hope nuwe stories kan vertel en sommer nuwe dinge van Jesus kan leer.




**Akkerklubspan 6** gaan heel laaste na oom Richard se huis. Hy nooi hulle natuurlik in vir 'n glasie van sy eie rooi druiwe-sap. Na baie grappies en stories op sy stoep, vra hulle ook sy raad. Hy verduidelik dat van die lekkerste en beste maniere om mense van Jesus te vertel, is om gereeld saam met hulle te kuier en sommer gewone mense-dinge te doen, selfs al moet ons soms maar net op die rekenaar kuier.

Baie opgewonde kom die spanne terug en vertel mekaar van al dié wyse raad. Hulle harte is oorvol van die nuwe idees en moontlikhede.

Hulle het nou baie planne om steeds deur hierdie snaakse VIRUS-tyd hul maats van Jesus te vertel. Is dit nie wonderlik hoe baie nuwe, kreatiewe maniere ons in hierdie tyd aangeleer het om dinge op ander maniere te doen nie? Ons het altyd vir Jesus by ons, en in ons harte. Ons kan dit op sóveel maniere met ons maats en vriende en familie deel. Onthou net maats: hou jou MASKER op en kyk na almal rondom jou met nuwe, liefdevolle oë!




Wees versigtig en bly gesond!

Liefde van Chippie


Chippie se sekretaris is tannie Ilana Kilian



**Links**: Chippie loer of sy mens-maatjie daarbinne is



**Regs**: Chippie is jammer oor al die swaarkry weens die virus. Dis hoog tyd dat almal bietjie vrolik raak. Ons het tog so baie om nog voor dankbaar te wees. Help vir Chippie om sy masker met pragtige kleure. op te vrolik—of teken self vir hom een!



Groete,
tannie Marianca